**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 4525/2008

In die saak tussen:-

| | |
|---|---|
| **MARIUS JACOBS** | Applikant |
| en | |
| **JOHAN FREDERICK MARITZ** | 1ste Respondent |
| **MARIA SUSANNA MARITZ** | 2de Respondent |
| **ANNA HENDRINA MYBURGH** | 3de Respondent |

In Re:

| | |
|---|---|
| **JOHAN FREDERICK MARITZ** | 1ste Eiser |
| **MARIA SUSANNA MARITZ** | 2de Eiser |
| **ANNA HENDRINA MYBURGH** | 3de Eiser |
| en | |
| **MARIUS JACOBS** | Verweerder |

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER, R

---

**AANGEHOOR OP:** 5 FEBRUARIE 2009

---

**GELEWER OP:** 12 FEBRUARIE 2009

---

[1] Hierdie is 'n aansoek om tersydestelling van 'n vonnis wat op 6 November 2008 in applikant se afwesigheid toegestaan is. Die agtergrond is soos volg:

(1) Op 30 September 2008 het die respondente ‘n kennisgewing van belet op die applikant beteken.

(2) Die laaste dag van die *dies induciae* van die kennisgewing van belet was 7 Oktober 2008.

(3) Op die laaste dag van die *dies induciae* van die kennisgewing van belet (*7/10/2008*) het die applikant se Pretoria prokureur 2 keer ‘n skrywe met ‘n afskrif van die applikant se pleit aan die respondente se prokureur van rekord te Bloemfontein gefaks.

(4) Afgesien van hierdie gefaksde afskrifte van applikant se pleit, is applikant se pleit op 7Oktober 2008 op die respondent se prokureur van rekord se kantore beteken.

(5) Die pleit is die volgende dag, 8 Oktober 2008, d.w.s. een dag laat, by die griffier geliasseer.

[2] Respondent se prokureur het nie besef dat die pleit inderdaad beteken is nie, en het gemeen dat dit net nog ‘n gefaksde afskrif van die pleit is. Hy skryf op 17 Oktober 2008 ‘n brief aan respondent se prokureur waarin die volgende vermeld word:

> "1.3 Op 7 Oktober 2008 het ons 'n faksimilee ontvang van u korrespondent waarby aangeheg was 'n afskrif van u kliënt se pleit wat deur korrespondent onderteken is.
>
> 2. In die omstandighede is u kliënt in verstek en onder belet.
>
> 3. Ons opdrag is om aansoek te doen vir vonnis by verstek teen u kliënt op Donderdag, 6 November 2008."

Hierdie brief is beteken op applikant se prokureur op 20 Oktober 2008. Op daardie selfde dag beteken respondent se prokureur 'n kennisgewing van terrolleplasing op applikant se Bloemfontein prokureur. Op 30 Oktober 2008 beteken respondent se prokureur 'n indeks van die stukke op applikant se Bloemfontein prokureur.

[3] Daar was belangrike oorsigte by sowel applikant se prokureur as respondent s'n. Respondent se prokureur het nie, tot nadat verstekvonnis geneem is, besef dat applikant se pleit behoorlik en betyds op respondent se kantore beteken is nie. Aan die ander kant het applikant se Bloemfontein prokureur nie besef dat 'n kennisgewing van terrolleplasing op hulle beteken is nie. Die pleit wat op 8 Oktober 2008 by die griffier afgelewer is, was op 6 November 2008, die dag toe verstekvonnis toegestaan is,

nie in die hoflêer nie, skynbaar omdat dit êrens in die griffier se kantore was. Hierdie omstandighede het daartoe gelei dat verstekvonnis aangevra en toegestaan is.

[4] Mnr. Potgieter, vir applikant, voer aan dat hierdie aansoek onder reël 42(1)(a) ressorteer aangesien die vonnis foutiewelik aangevra is in die afwesigheid van die applikant. Hy maak hierdie submissie omdat, toe verstekvonnis aangevra is, respondent se prokureur onbewus was daarvan dat die pleit op respondent se kantoor beteken was. Ingevolge reël 42(1)(a) hoef applikant nie goeie redes te bewys nie.

[5] Die omstandighede waaronder vonnis by verstek aangevra is, was die volgende:

(i) ‘n Pleit is op respondent se prokureur se kantore beteken op die dag toe die periode vir belet verstryk het.

(ii) ‘n Pleit is een dag nadat die periode vir belet verstryk het, by die griffier geliasseer, dus buite tyd.

(iii) Die aanhangsels tot die pleit was nie by enige van die pleite wat beteken of geliasseer is nie.

(iv) Applikant se prokureur is in kennis gestel van die verhoordatum van 6 November 2008 by wyse van 'n brief wat op sy Bloemfontein prokureur beteken is, sowel as by wyse van 'n kennisgewing van terrolleplasing wat op 30 Oktober 2008 op sy Bloemfontein prokureur beteken is.

In hierdie omstandighede waar behoorlik kennis aan appikant gegee is, en waar daar nie 'n geldige pleit bestaan het nie, kan nie gesê word dat respondent verkeerdelik aansoek om vonnis gedoen het nie. Die aansoek moet onder reël 31(2)(b) beoordeel word.

[6] Reël 6 van die Eenvormige Hofreëls bepaal dat as 'n party nie 'n pleitstuk aflewer (aan die griffier) binne die toegelate tydperk (hier: voor of op 7 Oktober 2008) nie, is hy in verstek en *ipso facto* onder belet. Reël 27(1) bepaal dat, as goeie redes aangevoer word, kan die hof enige tydperk verleng (m.a.w. die belet ophef).

[7] Dit sou weinig sin hê om die vonnis tersyde te stel sonder om die belet om te hef. Dan sal applikant 'n afsonderlike aansoek moet rig vir kondonasie van die laat-liassering van die pleit en opheffing van die belet. Dit sou meer sinvol wees om te oordeel of die applikant in die huidige verrigtinge goeie redes aangevoer het, dus, of daar 'n verweer is.

[8] Mnr. Van Rooyen betoog, met verwysing na **GALP v TANSLEY, N.O. AND ANOTHER** 1966 (4) SA 555 (K) op 560A – C dat daar getuienis moet wees van 'n substansiële verweer, en 'n huidige begeerte by die applikant om daardie verweer te opper indien die vonnis tersyde gestel word. In die funderende eedsverklaring sê die applikant dat sy pleit geag moet word ingelyf te wees by sy eedsverklaring. Mnr. Van Rooyen betoog dat die inlywing van die pleit toon nie die applikant se verweer nie, aangesien die bylaes nie aangeheg is nie en openbaar applikant ook nie wat die inhoud van die bylaes is nie. Hy opper 'n groot aantal punte van kritiek teen applikant op grond waarvan hy betoog dat die applikant nie 'n verweer openbaar nie.

[9] Mnr. Potgieter, vir applikant, voer aan dat die stukke toon dat applikant se verweer is dat die respondente hul eie besluite geneem het.

[10] Dit is nie gerade of moontlik om op hierdie stadium, sonder getuienis, die verweer krities te beoordeel nie. Die stukke toon 'n *bona fide* verweer. 'n Verdere belangrike punt, wat nie in geskil is nie, is dat daar geen vinger gewys kan word na die applikant nie. Dis duidelik dat hy die saak wil verdedig. Die howe se benadering is dat 'n applikant nie ligtelik ontneem moet word van die geleentheid om die eis te verdedig nie – **SANTAM LTD & OTHERS v BAMBER** 2005 (5) SA 209 (W) te 211J – 212A; 213G – H.

[11] 'n Aspek wat in betoog geopper is, en wat moontlik rede tot kommer is of die vonnis wat toegestaan is, korrek is, is die kwessie dat dit 'n skadevergoedingseis is, volgens mnr. Potgieter een vir kontrakbreuk en positiewe *interesse*. In die besonderhede van eis is daar 'n bewering dat al die eisers rente ontvang het, en dit lyk nie of sulke rente-bedrae afgetrek is van die eise nie, soos wat moontlik moes gebeur. Ook om hierdie rede moet die vonnis tersyde gestel word.

[12] Wat koste betref, was daar foute aan beide kante. Geen kostebevel behoort gemaak te word nie.

[13] Bevel:

13.1 Die vonnis wat by verstek op 6 November 2008 teen applikant toegestaan is, word tersyde gestel.

13.2 Die applikant se verweerskrif wat op 7 Oktober 2008 op respondente se prokureur van rekord beteken is, en op 8 Oktober 2008 by die griffier geliasseer is, word geag betyds geliasseer te gewees het, en die belet ten opsigte daarvan word opgehef.

13.3 Die tydperke vir die liassering van verdere pleitstukke, of die neem van verdere stappe in die Hofreëls beoog, geld vanaf die datum van hierdie hofbevel, en moet geag word die datum te wees waarop die applikant se pleit geliasseer is.

13.4 Geen kostebevel word gemaak nie.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. T.A.L.L. Potgieter<br>In opdrag van:<br>EG Cooper Majiedt Ing.<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondente: | Adv. P.C.F. van Rooyen SC<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |

/sp